

Ref: TP / 5954

Jan Vrolijk Stadsbeplanner
Posbus 710
George
6530

27 Januarie 2021

**ERF 5954, OUDTSHOORN (OOSTHUIZENSTRAAT 13): HERSONERING & BOULYNAFWYKING.**

Bogenoemde aansoek verwys.

Die Bestuurder: Beplanning & Ontwikkeling (Gevolmagtigde Amptenaar) het, onder gedelegeerde magte, soos per Raadsbesluit Nr 60.20/12/16, besluit om die onderstaande aansoek in terme van Artikel 60 van die Oudtshoorn Munisipaliteit: Verordening op Grondgebruikbeplanning, 2016 (soos gewysig) **GOED TE KEUR.**

- Aansoek, in terme van Artikel 15(2)(a) van die Oudtshoorn Munisipaliteit: Verordening op Grondgebruikbeplanning, 2016 (soos gewysig), vir die hersonering van Erf 5954 Oudtshoorn vanaf Enkelwoonsone na Algemene Woonsone (4 woonstelle).

- Aansoek, in terme van Artikel 15(2)(b) van die Oudtshoorn Munisipaliteit: Verordening op Grondgebruikbeplanning, 2016 (soos gewysig) gedoen die verslapping van die volgende boulyne op Erf 5954 Oudtshoorn:

  - ⇨ die noordelike sygrensboulyn vanaf 5.0 meter na 1.5 meter ten einde die omskepping van die bestaande geboue op die erf (woonhuise en tweede wooneenheid) in woonstelle te magtig.
  - ⇨ die agtergrensboulyn vanaf 5.0 meter na 1.5 meter ten einde die omskepping van die bestaande tweede wooneenheid in woonstelle te magtig.



⇨ die Baronstraat straatboulyn vanaf 5.0 meter na 2.820 meter ten einde die omskepping van die bestaande geboue op die erf (woonhuise en tweede wooneenheid) in woonstelle te magtig.

**REDES VIR BESLUIT:**

1. Die voorstel is inlyn met die voorgeskrewe digtheid van hoe verdigting moet plassvind binne die stedelike rand van 'n dorp.
2. Die aansoek stem ooreen met die doelstellings van die OSDF
3. Die aansoek voldoen aan die ontwikkelingsbeginsels van "SPLUMA"
4. Die ontwikkeling van hierdie eiendom sal voorsiening maak vir behuising behoeftes van die dorp
5. Oorweging is gegee ten opsigte van die impak op eienaars van omliggende eiendom se regte op gemak, gesondheid, privaatheid, sonlig of uitsigte

**VOORWAARDES VAN GOEDKEURING INGEVOLGE ARTIKEL 68 VAN GENOEMDE VERORDENINGE:**

1. Dat hierdie goedkeuring sal verval as dit nie binne vyf (5) jaar vanaf die datum van hierdie besluit uitgevoer / geïmplementeer word nie en die eienaar nie die geldigheidstydperk binne sodanige tydperk [vyf (5) jaar geldigheidstydperk] verleng het nie, en / of die voorwaardes wat aan hierdie finale besluite gestel word nie nagekom word nie.
2. Gekonsentreerde stormwater tot die naaste stormwaternetwerk lei tot tevredenheid van Oudtshoorn Munisipaliteit (geen dakwater mag op direk aangrensende eiendomme gestort word nie).
3. Die Munisipaliteit word vrywaar van alle eise wat mag ontstaan as gevolg van die voorgestelde gebou of verkeerde / vals inligting verskaf.
4. Aansigte van die voorgestelde gebou / strukture, wat sigbaar is vanaf strate en aangrensende eiendomme, moet netjies en tot bevrediging van die Oudtshoorn Munisipaliteit afgewerk word.
5. Terrein- en bouplanne, ingevolge die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet 103 van 1977, soos gewysig), moet ingedien en goedgekeur word.
6. Dat enige opgradering van Siviele en / of Elektrisiteitsdienste, soos nodig, op koste van die eienaar sal geskied.



7. Dat die belasting vanaf die datum van hierdie besluit vir die betrokke sonering aangepas sal word.
8. Dat 1,25 parkeerplek, duidelik gemerk, aangedui en met 'n permanente oppervlak op koste van die eienaar voorsien word.
9. Dat die infrastruktuurfooi betaalbaar is vir die ekstra wooneenhede op die eiendom.

**APPÈLE**

- U het die reg om appèl aan te teken na die Appèl Gesag teen die besluit van die Gevolmagtigde Amptenaar.
- 'n Appèl moet:
  - Skriftelik en breedvoerig gemotiveerd wees.
  - Ontvang word deur die Appèl Gesag, Posbus 255, Oudtshoorn, 6620 voor of op **25 Februarie 2021**


  'n Appèl wat nie ontvang is deur die Appèl Gesag voor of op **25 Februarie 2021**
- of nie in ooreenstemming is met Artikel 80 van die Oudtshoorn Munisipaliteit: Verordening op Grondgebruikbeplanning, 2016 (soos gewysig) nie, sal geag ongeldig te wees.
- Geliewe daarop te let dat:
  - Geen reg tot appèl bestaan in terme van Artikel 62 van die Stelsels wet nr. 32 van 2000 nie.

Uitvoering / implementering van enige regte in terme van hierdie besluit is opgeskort tot en met die afhandeling van 'n appèl / appèlle.

Die uwe

**nms WNMDE MUNISIPALE BESTUURDER**
**MNR R SMIT**
(Relevante Wetgewing / Verordeninge / Beleide is beskikbaar op die webtuiste van Oudtshoorn Munisipaliteit)



69 Voortrekkerweg / Umgaqo iVoortrekker / Road OUDTSHOORN 6625
Posbus / Ibokisi yeposi / P.O. Box 255 OUDTSHOORN 6620
Tel.: +27(0)44 203 3000 Faks / I-fax / Fax: +27(0)44 203 3104
E-mail / E-pos: post@oudtmun.co.za
Website / Webwerf: www.oudtshoorn.gov.za




## GROUND FLOOR PLAN

SCALE 1:100




## SITE PLAN

SCALE 1:500

OOSTHUIZEN STREET





## BACK ELEVATION

SCALE 1:100



## STREET ELEVATION

SCALE 1:100




## SECTION D-D

SCALE 1:5

OUDTSHOORN MUNISIPALITEIT
2021 -01-
BEPLANNING EN ONTWIKKELING

SPECIFICATION

GENERAL NOTES

1. Figured dimensions taken in preference to scale.
2. All work to be executed strictly to NBR and local authority.
3. The contractor is responsible for the correct setting out of the works, particularly boundaries, building line, servitude, and the position of building to protect against any boundary.
4. The contractor is to verify all levels, height and dimensions on site and to check these against drawings before commencing any work.
5. The contractor is to provide and identify proof of existing service and to protect these from damage whilst on site throughout the contractor period.
6. Any discrepancies, errors, omissions, etc. are to be brought immediately to the attention of the architect.
7. All materials to be used strictly to manufacturer's specification.
8. Workmanship to be of highest standard throughout.

A. BOLOMANS

MR GUNGULUZA

BOUNDARY WALL
ON
C/O BIRCH AND OOSTHUIZEN
WESTBANK
GONUBIE

ELEVATION
PLANS & SECTION

| | |
|---|---|
| AS SHOWN | 04 JUNE 2020 |
| GA | WALTERS |
| 08-19 | LA-100 /05 |